AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse dosent:*

## WISKUNDE VIR PROGRAMMERING

PAARL

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 op die Paarl-kampus ŉ deeltydse pos vir ŉ dosent in Wiskunde vir Programmering in die Departement Natuurwetenskappe beskikbaar.

### POSDOELSTELLING

ŉ Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. ŉ Dosent streef daarna om as leier in ŉ vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedinge na.

### VERANTWOORDELIKHEDE

- Voorbereiding en dosering van die inhoud op die Paarl-kampus
- Kurrikulumontwikkeling
- Opstelling van assesseringsaktiwiteite in ŉ kontakleeromgewing
- Akademiese gemeenskapsdeelname
- Lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

### POSVEREISTES

- ŉ Meestersgraad in Wiskundige Wetenskappe of Rekenaarwetenskappe (kandidate met ŉ honneursgraad en ervaring in onderrig of opleiding sal ook oorweeg word)
- Kennis en ervaring in Diskrete Wiskunde en die aanbied van onderwerpe soos logika, versamelingsleer, induksie, telmetodes en waarskynlikheid, getalteorie en kriptografie
- Ervaring in versnitte leer (blended learning)
- Blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia
- Vermoë om wiskundige beginsels in die konteks van Rekenaarwetenskappe toe te pas
- Kundigheid en ervaring in die spesialisareas van sagteware-ontwikkeling

### VAARDIGHEDE

- Sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Prioritisering- en tydsbestuursvaardighede
- Onafhanklik in ŉ spanverband funksioneer
- Inisiatief kan neem en oplossingsgedrewe wees
- Beskik oor vermoë om werk onder druk te voltooi
- ŉ Liefde vir Afrikaans hê
- ŉ Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 8 Oktober 2025 ingedien word.** Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.